

## WEEK 3 – HERLEWING, 2 KRONIEKE 7: 13-15.

### **2 Kronieke 7:13-15.**

*13 As (wanneer) Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as (wanneer) Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as (wanneer) Ek pes onder my volk stuur, 14 en (indien) my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan (daarna) sal Ek (verseker) uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.*

### Inleidend:

Ons onthou die kruks van verlede week se les – As (Indien) die Here Sy seën van ’n volk onttrek, verwag Hy in reaksie 4 dinge van sy kinders (die Christene). Verder het ons vir mekaar gesê die Here het alreeds (sonder enige twyfel) Sy seën van ons land onttrek (letterlik elke bedryf in Suid-Afrika). Hy wag nou op die reaksie van Sy kinders hierop. **Vandag se les dus** – Hoe behoort ons as Christene te reageer op die land wye nood situasie.

### Ons reaksie - En (indien)

Ons lees in 2 Kron. 7:14 En (indien) die Here se kinders 4 dinge doen, SAL Hy hoor uit die hemel en ons land genees! Watter 4 dinge?

1. Ons onself verootmoedig (humble ourselves)
2. En bid
3. En die Here se aangesig soek (Seek My face)
4. En ons onself bekeer van ons bose weë (turn from our wicked ways)

Ons begin nou om in meer detail na hierdie 4 aksies te kyk.

Eerstens, is dit interessant om te let dat die 4 handelinge / aksies wat die Here verwag in 2 kategorieë ingedeel kan word, uitwaarts (God gerigte) aksies en inwaartse (mens gerigte) aksies

Mens (bidder) gerigte aksies (inwaarts):

Verootmoedig jouself (Humble yourself)

Draai van jou bose weë. (Turn from your wicked ways)

God gerigte aksies (uitwaarts):

Soek die Here se aangesig (Seek My face)

Bid.

Die Here verwag dus van Sy kinders, om in tye van krisis eerste inwaarts te kyk (2 aksies) maar ook genadiglik uitwaarts te kyk – na Hom toe. (weereens 2 aksies) Ons begin deur te kyk na die inwaarts gerigte aksies.

### **Aksie nr. 1: Verneder (verootmoedig) jouself.**

Die eerste reaksie wat die Here van Sy kinders verwag is: verneder/verootmoedig julleself. Die feit dat ons beveel word om onself te verneder veronderstel iets ontstellends: Dit veronderstel dat ons as gelowiges nie op die vlak van nederigheid/verootmoediging is wat God van ons verwag nie. Die blote feit dat nederigheid vereis word, veronderstel die bestaan van trots / hoogmoed by Christene.

Kan dit wees? Verseker ja, anders sou die Here dit nie genoem het nie – Sy Woord is volmaak! Billy Graham het gesê: “Pride is the one sin which has kept more people from heaven than any other sin.” Kom ons neem dit een stap verder - “Pride is the one sin which has kept more Christians from Gods fullness and blessing than any other sin.”

Wat is die essensie van hoogmoed – Dis 'n gees wat sê Ek kan self en ek sal self. Natuurlik sê ons as Christene dit nie so kras nie, maar dit kom op dieselfde neer. Ons dink ons kan die Here se werk doen deur ons eie planne, eie idees, eie intelligensie en eie vermoëns. Ons dink ons kan landwye probleme in eie krag en intelligensie aanpak en oplos. Die essensie van geestelike hoogmoed is om ons lewens onafhanklik van God te wil lewe, asof ons eie vermoëns en planne voldoende is.

Eenvoudig gestel – Die Here kan nie, en sal nie, ons eie mensgemaakte planne “bless” nie. Maar dis juis wat ons doen - Wat is ons natuurlike reaksie op 'n krisis – ons probeer harder. Ons gaan “back to the drawing board” en analiseer van vooraf. Ons hou meer vergaderinge, ons roep konsultante (experts) in, ons probeer harder om ons planne te implementeer en te maak werk. Alles behalwe om die Here te raadpleeg in nederigheid, gebed en verootmoediging.

Wat is die kern van nederigheid en verootmoediging: Is dit nie om die volgende te sê en te bid nie: “Here, ek/ons kan nie self hierdie situasie hanteer nie. Al kan ons nog 'n plan uit eie krag uitdink, kan ons dit verseker nie self (sonder U hulp) implementeer nie. *Ps. 127:1 “As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou, as die Here die stad nie bewaak nie....”*

In 'n neutedop – die eerste handeling wat die Here van sy kinders verwag – verneder julleself. Anders gestel, kom vir eens en vir altyd tot die besef ons kan nie onafhanklik van die Here enigiets doen nie. Gaan dan een stap verder en erken dit. Erken dit teenoor die Here en erken dit vir mekaar en erken dit teenoor jouself.

Hierdie eerste aksie is hoofsaaklik 'n eenmalige besef en erkenning van skuld. Maar, omdat ons dikwels vergeet, sal ons as kinders van die Here kort-kort onself moet afvra – Is ons nie weer besig om ons eie planne te maak, is ons nie weer besig om onafhanklik van die Here op te tree nie? Indien wel – dan bely ons dit weer, so gereeld as wat nodig is.

### Opsommend.

Ons het vir mekaar gesê dat 2 Kron. 7 vir ons 'n hemelse resep gee vir herlewing, die genesing van ons land. Ons het so pas die eerste stap van hierdie resep geleer: Ons as Suid-Afrikaanse Christene moet onself verneder en ons eie hulpeloosheid besef, erken en bely teenoor die Here. Die Here staan met ope arms om ons te vergewe en te help op die pad vorentoe. Ons gaan nou, korporatief en individueel presies dit doen, sal jy, daar waar jy is, asb. saam met my en die res van die Christene in Suid-Afrika, die volgende gebed bid.

### Gebed.

*“Here – ons bely dat ons skuldig is aan dit waaroor U waarsku in U Woord. Ons is hoogmoedig – vergewe ons asseblief. Ons vertrou nog dikwels op ons eie insigte, wysheid, planne en krag – asof ons beter weet as U. Ons bekeer ons daarvan en onderneem om in totale afhanklikheid van U die pad vorentoe te stap.*

*Dankie vir U Woord. Dankie dat U nie ons land sal los om te vergaan nie, U het belowe u sal vergewe en ons land genees. Dankie dat ons weet U het ons ook hierdie sonde van hoogmoed vergewe die oomblik wat ons dit bely het. Help ons en lei ons asseblief om toenemend U voorwaardes vir herlewing te gehoorsaam en na te kom, tot eer en verheerliking van U wonderlike Naam.*

*Amen.*

Volgende week, DV – stap 2 van die hemelse resep.